DIE PIENK BOEKIE

VROUELIDMATE – NG KERK IN NOORDKAAP

SEPTEMBER 2010 NUUSBRIEF NR 91



Gaan oop !

Maak jouself vry,

Die lewe is ‘n fees !

Oop vir mekaar.

Lewend vir mekaar !

Lente ! As jy oopmaak, sal dit altyd

Lente wees in jou hart !

Wees geesdriftig

Oor die lewe !

Uitgeneem uit: Lente tyd om oop te gaan !

Skrywer” Phil Bosman

INHOUDSOPGAWE

Die tjilp van ‘n Mossie	Bl. 03
Die Here voorsien	Bl. 06
Women Ministries Event	Bl. 10
Walles se snoephoekie	Bl. 13
Moed om Vrou te wees	Bl. 14
Teetyd	Bl. 15
Boodskap vir die Matrikulante	Bl. 28
Kom ons lees	Bl. 29
Volgende uitgawe	Bl. 31

Liefde word nie uitgeleen nie,
Dit verwag geen rekening nie,
MAAR DANK !
Wie nie wil dank betoon nie,
het in die geval van nood
niemand vir wie hy
iets kan vra nie.
- H. Giesen -

Die tjilp van ‘n Mossie

Deur Ds Mossie Mostert Predikant in Sinodale Diens Kimberley

Saam op pad...

by Lawsonstraat 72

Vrydag 27 Augustus was dit sulke tyd. Die sinodale kantoor van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het die “groen gebou” te Villierstraat 15 verlaat en na Lawsonstraat 72 verhuis!

Die duif is al ’n paar keer uitgestuur en dit lyk al asof die “sement en verf” droog genoeg is. Die bouery is nog nie heeltemal afgehandel by Lawsonstraat 72 nie, maar trek het ons getrek... Dit wat gepak kon word, is in kartonne geplaas... die groot opruim het stadig maar seker momentum gekry... en natuurlik die groot soek!

In die artikels oor die bouery by die Kestell kompleks, *Eerste dinge eerste* en *Rome is nie in een dag gebou* is verwys na die besluite van die sinode van 2008 asook die redes hoekom die kantore van die sinode en NG Welsyn na Kestell Kampus skuif... goeie wetlike, logistieke, finansiële en ekonomiese redes... (artikels kan gelees word by die webblad van die Ned.Geref.Kerk in Noord-Kaapland: http://www.ngkerk.org.za/noordkaap/gemeentes.asp)

In Noord-Kaapland is verhoudings belangrik en word alles ingespan om dit te koester en verbeter. Die roepingsverklaring van die sinode van Noord Kaapland verwoord dit as volg:

Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.

Op een terrein by Kestell Kampus ("*op een pad*") is nou doelmatige kantore, vergader- en onthaallokale vir die sinodale kantoor, NG Welsyn Noord-Kaap asook die personeel van ontwikkeling en bemarking van die Kinderhuis Noord-Kaapland. By eerskomende sinode dien aanbevelings vir die daarstel van 'n buro vir gemeente ondersteuning asook aanvullende akkommodasie vir die Hospitaal Oornaghuis. Alles digby Kestell Kinderhuis...

Hier, by Lawsonstraat 72, wil ons "*saam luister na die Woord van die Here en só saam op die pad loop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef*". Niks, maar niks, mag dit belemmer of in die pad daarvan staan nie...

Dáárom is by die ontwikkeling en beplanning van die nuwe kantoor kompleks 'n ou, nie-funksionele kluis van versterkte beton afgebreek, sodat daar 'n "oop gang/pad" tussen die kantore van die sinode, NG Welsyn asook die kantoor van ontwikkeling en bemarking van die Kinderhuis Noord-Kaapland kan wees!

Saam op een pad wil ons loop…

Het jy al iets gereël?

Kan jy nog onthou hoe op jou senuwees was jy?



Daarom gee ons 'n spesiale bossie blomme aan elkeen in die Sinodale kantoor wat se senuwees so pla oor:

Het elkeen 'n slaapplek?

Werk die luidsprekerstelsel?

Gaan die fotostaatmasjien die massa afskrifte hanteer?

Kom ons dra hierdie span aan die Here op vir kalmte.

DIE HERE VOORSIEN

My professionele horslosie het op 01 Januarie 1965 begin tik.

Dit ws die dag waarop ek begin verpleeg het. Serdertdien het ek met elke emosie in die menslike liggaam te doen gekry:

- ♥ LIEFDE
- ♥ HAAT
- ♥ WOEDE
- ♥ AGRESSIE
- ♥ HUMOR
- ♥ En vele ander

Daar was vreugdes van ‘n skreeunde bondeltjie mens wat die eerste lewenslig aanskou het. Maar… daar was ook die hartseer trane wanneer ‘n siek of stukkende liggaam sy laaste asem uitgeblaas het.

Soms het ek ervaar dat God daar teenwoordig was… soms nie. In 2008 het ek egter ‘n ervaring gehad wat ek graag met julle wil deel.

Omdat ons meeste van die tyd kort is aan personeel doen alle verpleegkundige bystandsdiens. Dit beketen as daar ‘n noodgeval aanmeld by die hospital word die verpleegkunidge ontbied om nie nodige behandeling te gee. Dit is 2 – 3 nagte per week asook 1 of 2 naweke per maand.

Wanneer jy met siekmense werk bly jy so bewus daarvan dat elke besluit wat geneem word van kardinale belang is, veral as daar nie ‘n geneesheer in die nabyheid is nie.

Ek het dan ook die gewoonte wanneer ek oor ‘n naweek op bystand si reeds die Donderdag te begin om voorbidding te doen.

So was ek al by geleentheid vodde – moeg op ‘n Vrydag. Dan vertel ek dit vir die Liewe Heer en dan sowaar word ek amper nie uitgeroep oor die naweek nie.

Ek hou nie van trauma nie. So werk ek op ‘n keer oor ‘n naweek waar dit die Vrydag “PAY DAY” is. En soos almal weet is “PAY DAY” ook altyd “BAKLEI DAG”.

Daardie Donderdag bid ek “Liewe Heer, maak asb hierdie naweek al die messe in Williston so stomp dat hul niemand kan seermaak nie. Sowaar nie een messteek or daardie naweek nie.

Voor hierdie spesifieke naweek waaroor my storie gaan bid ek anders: “*Here help my asb om alles wat hierdie naweek oor my pad kom te kan hanteer. Wees u asb in beheer.”*

Dis rustig...
Onheilspellend rustig...
Die telefoon lui Sondag oggend half een. Ek hoor nie die verpleegster praat nie. Hoor net mense skreeu – HISTERIES.

Ek jaag hospital toe. Prewel saggies: *“Asseblief Here”* Toe ek voor die deur stilhou hoor ek die manne skreeu soos besetenes. Met die intrapslag heel ek een kalmeer inspuiting uit die medisyne kassie. Weet self nie hoekom nie.

Die geskreeu duur voort.

Daar is ‘n lang gang voordat ek die ongevalle vertrek kon bereik. Toe ek egter die gang betree sien ek die twee jongmanne op die grond lê. Rondom hul staan sewe mens in ‘n kring.

Meteens stop die geskreeu.

Daar heers ‘n doodse stilte...

Ek stap stadig nader – stilte

Almal hou my dop - stilte

Ek kneel by die twee manne en skielik kry ek die gevoel: ALLES IS ONDER BEHEER.

Die mense in die kring is die vader sys y vriende – almal kerkraad mense.
Hulle antwoord my vrae eerlik.

Was daar drank betrokke? ***JA maar min.***
Dwelms en dagga? ***Nee***
Tik? ***Nee***
Okka pyp? ***Nee***

Ek raak liggies aan die oudste broer en vra dat hy moet opstaan. Hy verlaat die gebou. Stabiel en in beheer van homself. Die jonger broertjie lyk geskok. Ek gee hom ‘n inspuiting. Toe ek die naald uittrek is hy reg. Hy verlaat ook die gebou,

Ek vra versigtig aan die vader – SATANISME – ***Nee.***
Ek kry geen oorsaak van hierdie drama nie.

Nadat alles weer opgeruik en rustig is in die hospitaal begin ek met die skryfwerk. Skielik raak ekbewus van die twee personeel lede wat my dop hou. ‘n Swartmen en ‘n bruinvrou. Albei “GESKOK en VERBAAS.”

Die man spreek my aan: “*Suster as jy nog nooit in jou lewe ‘n toordery gesien het nie, het jy dit vanaand gesien. Dis omdat jou vel wit is – toe hul jou wit vel sien het hul onmiddelik stil gebly. Dis toordery”*

Ek glimlag en ry huis toe. Diep in die na-nag staan ek en aanskou die hemelruim. Ek besef dat die twee manne se oë was heeltyd toe. Hulle het my nie gesien nie. Hul het definitief nie my witvel gesien nie. TOG het hul iets ervaar. ‘n Mag wat veel groter is as ons mense.

Ek dink weer aan my gebed:

"Here wees u in beheer" en is intens bewus van God se teenwoordigheid. Ek is ook intens bewus daarvan dat dit definitief nie 'n mediese probleem was nie.

Later toe ek weer snoesig in my bed lê, herkou ek aan Rom. 8:17/18

En omdat ons kinders is,is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat osn nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.

Ek raak rustig aan die slap met die heerlike wete: GOD IS IN BEHEER – HY IS ALTYD IN BEHEER.

*** *** *** ***

WOMEN MINISTRIES CONVENT

Gedurende die naweek van 14-16 Mei het ek die voorreg gehad om as verteenwoordiger uit die Noordkaap 'n gespreksgeleentheid tussen die NGK;RCA; NGKA (Phororo) en VGK by te woon. Hierdie geleentheid was 'n poging om vroue van die NG Kerk familie te laat gesels oor gemeenskaplike uitdagings in ons onderskeie gemeentes en blyplekke. Dit was 'n besonderse voorreg om vir klein tydjies in mekaar se skoen te kon klim (en dikwels moeilik omnie van stomme verbasing met 'n oop mond te staan nie !)

Ek het vir Sally, 'n 77 jarige predikantsvrou van die RCA leer ken (sy was pragtig geklee in haar son) Die saadjie vir haar Christenskap si gesaai toe sy en haar boetie, as Hindokindertjies, skelpies 'n kinderkransgeleentheid bygewoon het. Die kinderkranstannie het vir haar 'n kaartjie gegee met die woorde "Jesus loves you" Hierdie woorde het haar bygebly. Jare later het sy soos die gewoonte is, in 'n vooraf gereëlde huwelik getree – en die wonderwork – haar pa het nooit haar man gevra of hy 'n Hindu is nie ! Hy was 'n Christen. Met die geboorte van hul eerste kind kom sy tot bekering, na 'n teken wat sy van die Here gekry het, wat herinner aan die tekens wat Gideon van God gekry het.

Sally het die Here gevra dat Hy haar ongeloof asseblief moet te hulp kom en aan haar bevestig dat Hy die Lewende God is. Tydens kraam hoor en sien sy dat die Here vir haar sê dat indie die geboorte voor 4 uur is dal die baba sterf en indien die geboorte na 4 uur is, sal sy sterf. Die uiteinde – haar eersteling word presies 4 uur gebore en albei leef! Tweevan haar seuns en haar skoonseun is ook predikante in die RCA.

Saavi, Sally se skoondogter, is ook 'n predikantsvrou in die RCA. Sy is die enigste van 9 broers en susters wat 'n christen is. Sy verstom ons met haar vertelling van hulle gemeente. Dis 'n gemeente met **60 LIDMATE** wat maar so één van hul take wêreldsending met meer as 20 internasionale uitreike uit ***eie fondse*** financier. Hulle is ook aktief betrokke by vigswesies, 'n dagsorgskool, 'n sopkombuis, werk onder

straatkinders en ens, ens !!! Op ‘n vraag of sy nou heel afgesny is van haar familie noe sy dat respek een van die belangrikste vereistes vir ‘n Hindu is. Haar geloofskeuse word gerespekteer en sy is volkome deel van haar familie. Hulle eet gereeld saam, huwelike en begrafnisse word bygewoon, maar elkeen van hierdie geleenthede maak ‘n stille aanspraak op haar en haar vroeër geloof, omdat dit elkeen met vele godsdienstige handelinge gepaard gaan en sy telkens op respekvolle manier slegs moet toekyk. Die hartseer is dat haar seun, wat in hulle christelike huis grootgeword het, as jongman teruggekeer het tot Hindunisme. Saavi huil oor hom en vra dat ons vir hom moet bid.

So het ek ok vie Denes van die VGK ontmoet. Sy beskryf haarself – statie outydse sesvoetlange trotse Venda vrou – as ‘n “plaasdogtertjie”! Sy en haar man is albei dosente aan die Universiteit van Limpop en sy is besig met haar doktorsgraad in Maatskaplike werk. Haar pa was ‘n plaaswerker op ‘n plaas in die ou Wes Transvaal en haar ma was ‘n huiswerker. Die eienaar van die plaas was’n harde baas, maar het Sondae vir hulle m.b.v. Mema-kassetspeler en Memabande vir hulle eredienste in hulle eie taal voorgespeel. Denes ken nog steeds die liedere (en kinderliedjies) wat hulle met behulp van die bande aangeleer het. Haar pa is op vroeë ouderdom oorlede, maar haar ma kon op die plaas bly as sy steeds in die huis kan werk. Denes is die kans gebied om skool klaar te maak en het ‘n Diploma in Sosiale werk voltooi. Sys ê self dat dit alleen “Grace of God” is wat die spiral van armoede gebreek het. Haar lewe was egter geensins maklik nie en ontberinge baie. Selfs nadat sy en haar man, ‘n opgeleide predikant, getroud is, moes hy ‘n tweede werk soek en doen, omdat hy vir 20 jaar sonder vergoeding in die huis moes werk. Vir myself was dit wonderlik om iemand te ontmoet in wie se lewe die produkte van MEMA (vir wie ons so dikwels geld moes insamel) ‘n verskil gemaak het. Al was dit dan dat Denes-hulle een Goeie Vrydag na ‘n Kersfeesdiens geluister het!! Die boer kon nie die taal verstaan nie en het klaarblyklik die besef dat dit verkeerd is nie. Kersfees in April!! Tog tussen al haar woorde, het ek haar diepe seerkry

van jare gesien en besef dat wetend en onwetend diep houe oor jare geslaan is.

Hierdie was maar die stories van drie van die 25 vroue wat daar was. Elkeen het ‘n storie – uit elkeen kan ons leer. Soms het jy die behoefte om te sê – ***ek is jammer, ek het nie geweet nie.*** Soms het ons saamgehuil, soms trane uitgelag, maar altyd geweet osn is **almal** God se kinders.

In die volgende Pienkboekie uitgawe vertel ons meer oor die werksessie

###

Heer vergewe my, as ek soms teen die prikkels skop
as ek soms soos 'n verwoede bul teen die tralies beur.
Dat ek soms in magtelose woede en rebelsheid wil uitroep:
WAAROM EK?
Gee dat ek betyds sal onthou dat ek my God nie mag bevraagteken nie.
En Heer, wanneer haat in my opkom teenoor diegene wat my
verontreg... laat my onthou dat u gesê het: julle moet jul vyande
liefhê, seën dié wat julle vervloek, doen goed aan dié wat julle haat.
Heer, wanneer ek dan deur bitterheid verswelg word,
laat ek tog onthou, ek is nooit alleen nie.
U is net sover van my af as wat my knieë van die grond af is.
Laat ek dan 'n stil hoekie kry en by my Heer gaan skuiling soek.
Nadat die trane my oë gewas het, sal ek kan sien hoeveel ek
nog het om voor dankbaar te wees.
Laat ek dan soos die ou liedjie sê, 'n stukkende leë vat wees,
stukkend as U my wil heelmaak, heel as U my wil volmaak en gebruik.
En as ek die oes so wit op die lande sien en die arbeiders so min,
laat ek dan uitroep:
Hier is ek, stuur my!

WALLES SE SNOEPHOEKIE

Gebakte pampoen

1.5 – 2 kg pampoen of butternut, in skyfies,gaargekook, sonder suiker, maar kaneelstokkie in. Moenie stukkend roer nie.

Beslag

250g botter / margarine

200g suiker

1 eier

325g koekmeel (1 ½ kop)

10 ml bakpoeier

Knippie sout

500 ml melk

Stroop

125g margarine

250ml stroop / heuning

Plaas gaar pampoen onderin bak van 35x23x5cm. Maak beslag aan: Room botter en suiker. Voeg eier by, dan meel, bakpoeier en sout. Roer melk by tot net gemeng en skep oor pampoen. Bak by 180 gr C vir + - 40 min tot ligbruin. Smelt margarine en stroop of heuning en gooi oor warm tert. (16 porsies)

DIE MOED OM VROU TE WEES

Skepper-God,

Dankie vir die heerlike vreugde om vróú te wees:
Om een van die mooiste strykinstrumente in U skeppingsorkes te wees.

Dankie vir al die klanke wat ek kan voortbring, vir elke hoë noot in my lewe, maar ook vir die minder lekker oktawe.

Dankie veral vir my tipiese vroulike dun gesnaardheid en fyn aanvoeling vir mense.

Hoe bevoorreg is ek, Here, om, as kroon van U skepping, ma, dogter, vrou en vriendin te wees.

Hoe uitdagend om sieketrooster, berader, regter, onderwyser, predikant, binnehuisversierder, kok en aankoper ….. op één dag te wees.

Hoe heerlik vertroostend dat U my vrouwees ken en verstaan en dat U altyd daar is om my by te staan.

Ek wil graag U bruid wees. Ek wil mooi, minsaam en moedig wees. Ek wil iets van U grootheid hier op aarde leef. Mag my lewe 'n simfonie van liefde voortbring wat elke dag op 'n hoë noot sal eindig.
'n Noot wat U lof besing!

Amen

Ons is almal strykinstrumente in die simfonie van God se vreugde. Sy Gees raak aan die snare van ons hart en dit begin sing tot Sy eer.

------ Jacob Boehme -----

Teetyd saam met ander gemeentes

Nuus uit Vosburg

Ons (Elbert en Helene de Kock) het ons bediening in Calitzdorp begin. Ek het in 1990 in Calitzdorp begin werk as maatskaplike werker en Elbert het in 1992 sy bediening hier begin. Ons het mekaar hier ontmoet en is in Januarie 1995 in Calitzdorp getroud. Saam met die gemeente van Calitzdorp het ons van die wonderlikste en geseendste tye van ons lewe beleef. Na 12 jaar van getroude lewe het die Here ons geseen met ‘n dogtertjie (Helene) en gou daarna met ‘n seuntjie (Riaan). Ons het nog altyd die Here se hand in ons lewe baie prominent ervaar. So was dit ook met die beroep na Vosburg. Met vorige beroepe het ons ervaar dat die Here nie vir ons die deure oopmaak nie, maar met die Vosburg beroep was dit anders en baie duidelik dat die Here vir ons die opdrag gee en roep. Die Here het dit vir ons herhaaldelik uit sy Woord bevestig met onder andere tekste soos Josua 1:9 : ***“Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”***

Met ons aankoms in Vosburg op 26 Februarie 2010 het die reen in die Groot Karoo begin uitsak. Vir ons ‘n bevestiging van die Here se seen. Watter ervaring is hierdie gemeente nie vir ons nie. Ons het ingestap in ‘n gemeenskap van liefde en omgee waar elkeen betrokke is en waar elke lidmaat verantwoordelikheid neem vir sy gemeente. Die samewerking en die entoesiasme wat die lidmate van Vosburg vir hulle gemeente en die werk van die Here het is ongelooflik. Soos vriende van Calitzdorp wat kom kuier het, tereg ook opgemerk het: “Wat ‘n voorreg om jou kinders hier groot te maak”.

Ons is bevoorreg om in Vosburg in Sy diens te staan.

Vrouediens Tadcaster

Tadcaster vier hierdie jaar sy 50ste bestaansjaar! In hierdie 50 jaar het die vroue van die gemeente ‘n baie belangrike rol, soos sekerlik in elke gemeente van God in ons land, vervul. Tussen die organisasie van die fees deur, gaan die gewone gemeentewerksaamhede steeds voort.

Elke maand vind wyksbyeenkomste plaas en hierdie jaar het ons indringend gekyk na vraagstukke wat maak dat mense die NG Kerk verlaat. In die proses het ons gekyk na “God en lyding”, “Geloof en gebedsverhoring”, “Ons is maar kleipotte wat maklik breek” en vele meer.

Nuwe lewe is ook in die kwartaallikse algemene byeenkomste geblaas. Drie of vier wyke is saam gegroepeer om ‘n byeenkoms te reël. Dié wyke reël dan die spreker, eetgoed en alles wat met die vergadering gepaard gaan. Op hierdie manier kry almal die geleentheid om insette te lewer. Die temas van hierdie jaar was “Jy is spesiaal”, “Dankbaarheid vir fisiese en geestesgesondheid” en “Die vrou in die middel”. Elkeen van hierdie geleenthede was ‘n hoogtepunt en almal kon toegerus verder die lewe ingaan.

Tadcaster se basaar is, soos in baie ander gemeentes, ‘n groot geleentheid op die kalender. Hierdie jaar het die Here ons weer verbaas en wonderlik geseën, ten spyte van die moeilike ekonomiese omstandighede in die landbou. Die gemeentelede verwerk hier nog self die vleis en so tussen die vleiswerk deur, word nuwe bande gevorm en ander word versterk. Die waarde van saamwerk vir die Here moet nooit, in die opbou van die gemeente, onderskat word nie. Behalwe vir ‘n groot vleistent en die gewone basaargoedere, is daar ‘n teetuin, waar heerlik gekuier word om allerlei lekker drinkgoed.

Op 7 Oktober begin die viering van ons halfeeufees met ‘n gedenkdiens om 16h00 – presies 50 jaar na die stigting van die gemeente. Vir die Vrydagaand word ‘n spitbraai beplan en Saterdag begin met ‘n pretstap

die oggend, ‘n vertoning van Mathys Roets die aand en die fees word Sondag afgesluit met feesdiens en ‘n kranslegging. Met al hierdie feestelikhede, wil ons maar net alle eer aan die Here gee vir die 50 jaar van genade.

KAMEELBOOM WOEKER IN SY AKKER…

Uit dankbaarheid vir die Here se genade kan ons soos volg verslag doen:

Ons gemeente het twee bedieningspunte: Tosca en Leniesdeel. Die Vrouediens funksioneer is al ses wyke. Die bedieningspunte hou apart basaar en die vrouelidmate het ‘n reuse aandeel daaraan gehad dat die insameling die afgelope tyd baie goed was.

Ander maniere van insameling is by veeveilings waar verversings verkoop word asook ‘n koekieverkoping voor Kersfees. Geldelike hulp is gegee aan Bybelverspreiding, Hawesending, Blindes, behoeftige gesinne en ook die gemeente van Angolana.

Vrouelidmate is intens betrokke by die jeug. Hul neem leiding by die Kleuterkerk en Sondagskool. Besoeke is gebring aan siekes en bejaardes. Maart is ons Diens van Barmhartigheid oesmaand wanneer elke gesin, waar moontlik, ‘n bydrae maak van een of ander nie-bederfbare produk soos blikkieskos, toiletware en skoonmaakmiddels, sodat ons ‘n spens by die kerk inrig vir wanneer daar in die nood vir ander voorsien moet word. Na eredienste staan die vroue reg met tee en verversings. Voor in die kerk pryk daar gereeld mooi rangskikkings.

Botswana is teen ons geleë en ons maak kontak met twee leraarspare van ons kerk wat tans daar werksaam is, naamlik die du Toits van Thabong en die Bassons van Ghanzi. Dis ons Sending Diensgroep se projek om hulle te ondersteun en meer te wete te kom van hul sendingwerk aldaar.

Tydens Pinkster wanneer die koue gewoonlik toeslaan, word heerlike warm sop en toebroodjies bedien en word daar vir ‘n paar oomblikke saamgesels en gekuier.

Ons moet meld van Marti du Toit wat al so lank siek is en so moedig voortgaan. Haar geloof is ‘n inspirasie vir ons almal.

Dan moet ons in hierdie tyd afskeid neem van Marie Louwrens en haar gade Frikkie, wat na ‘n leeftyd ons gemeente verlaat. Hoe neem ons afskeid van iemand na soveel jare se betrokkenheid en meelewing in die Vrouediens in besonder? Vir meer as veertig jaar was Marie tesouriere van die Vrouediens, wyksleidster en soms nog sekretaresse ook, terwyl sy ook baie jare onderwyseres was. Ons kan maar net sê baie dankie vir jou toegewydheid, getrouheid, presiesheid en jou onwrikbare geloof. Dat jy alles met soveel oorgawe gedoen het getuig daarvan dat dit vir jou om ‘n groter saak gegaan het. Wat ‘n wonderlike vol lewe! Ons bid jul Sy ryke seën toe in hierdie volgende mooi fase van jul lewe. Mag jul ‘n vervulde aftrede beleef saam met jul kinders en kleinkinders

Trienie Jordaan

VERRYKING OP STELLA ...

Kleingroep-bediening is vir die gemeente kosbaar – dit het spontaan ontstaan en bly net groei. Wat aangebied word, word gewoonlik binne gemeenteverband gereël, dws nie net vrouelidmate nie.

‘n Vrouekamp is in Februarie aangebied met dr Elsje Büchner van Lux Verbi in Pretoria, as spreker. Dit was baie geseënd!

Huweliksverryking binne groepsverband, vind groot byval en sewe groepe sal binnekort reeds deel hieraan hê, dws 50 egpare.

Om ouer enkellopendes te akkommodeer word toere ook gereël, bv ‘n blommetoer asook vroeër vanjaar ‘n toer na die Hoogland van die Vrystaat wat ‘n besoek aan die Katse-dam in Lesotho ingesluit het.

22 van die gemeentelede het onlangs aan die Donkiekar-staproete langs die Weskus deelgeneem en wat ‘n fees!

As ons na hierdie gebeurtenisse kyk, dan besef ons net die Here voorsien elke dag vir die gemeente asook in elke individu se behoeftes

Jeanne Vermaak

NUUS UIT PIET PLESSIS

Ons vrouediens is aktief en funksioneer in verskillende diensgroepe met elk sy eie voorsitter en sekretaris. Daar word kwartaalliks verslag aan die kerkraad gedoen van alle aktiwiteite wat in die gemeente plaasvind.

Verlede jaar het ons 'n gemeentekamp by Dawid en Christie Botha op hulle plaas gehad. Ds Lendus het ons goed laat kopkrap met die onderwerp: Piet Plessis 2010 (dit was nie op die wêreldbeker sokker toegespits nie!). Daar is gebraai, geëet, geswem en gekuier tot laat!

Die end van die jaar is geskenkies aan al ons senior burgers oorhandig. 'n Kerssangdiens, waarby ons laerskoolkinders betrokke was, is ook gehou. Ons is bevoorreg om twee orreliste te hê. Na die kerssangdiens het die gemeente saam gekuier, tee gedrink en versnapperinge geniet - 'n ware belewenis! Elke suster het 'n eiesoortige eetdingetjie saamgebring.

Die Wêreldbiddag vir vroue is deur die vrouediensbestuur gereël. Dit was 'n fees!

Ons het ook 'n Bybelskattejag gereël. Jeanne het deur middel van teksverse uit die Bybel leidrade voorsien en op dié manier die deelnemers goed laat swoeg om al die "skatte" by die verskillende punte op te spoor. Daarna het ons boeresport in die straat gehou met ds Lendus aan die stuur van sake. Later die aand is 'n straatbraai gehou en heerlik om die braaivleisvure gekuier.

Aan sommige van ons Tswana volwassenes (dié wat daarvoor kans sien) word geletterdheidsklasse gratis deur drie dames aangebied in Afrikaans. Party van hulle kan al self mooi sinnetjies in Afrikaans skryf.

Vir hulle is dit 'n groot prestasie!

Gedurende Pinkstertyd bedien ons dames sop en toebroodjies na elke diens. Die lidmate lees dan ook volgens 'n vooropgestelde rooster die hele Bybel deur. Elke persoon lees vir 'n uur, skakel die volgende persoon en sê waarvandaan hy/sy verder moet lees. Dit hou aan deur die nag totdat die HELE Bybel deurgelees is.

In Tsolofelo, die swart woonbuurt naby Piet Plessis, is daar 'n bewaarskooltjie wat deur die staat opgerig is. Die staat voorsien die kinders ook van kos. Ons dames het ingespring en serpe en musse vir die kleingoed gemaak om te help teen die koue. Die gemeente het komberse en warm klere bymekaargemaak en aan die bejaardes wat in plakkershutte bly, oorhandig.

Elke kwartaal word besoek afgelê by die polisiestasie en die kliniek. 'n Boodskap uit die Bybel word aan hulle gebring en elkeen kry iets te ete.

Ons het 'n vroue- sowel as 'n manne- Bybelstudiegroep wat elke Dinsdag bymekaarkom. Rondom die Bybel word diep dinge gesels en sielevoedsel gevind.

Ons ou orrel het na jare se getroue diens die gees gegee. Na baie kopkrap en bespiegeling, het die finansiële diensgroep die groen lig gegee en kon ons 'n spoggerige orrel aankoop. Nou moet julle die orreliste hoor speel en die gemeente hoor sing!

Op 20 en 21 Augustus hou ons 'n vrouekamp te Leeubosch. Ronell Burger van Pretoria sal as spreker optree en haar onderwerp is: Kopkrap onder konstruksie.

Ons hier op die platteland is koersvas op pad, want die liefde van Christus dring ons. Ons sit nie stil nie, want daar is werk om te doen!

Groete

Helie Mans

MAREETSANE IS KOERSVAS OPPAD.....

Want hier dring die liefde van Christus ons! Na 8 geseënde jare, neem ons in April afskeid van ds Jimmy & Beth de Villiers wat na Kleinmond terugkeer. In gebed nader ons tot Hom vir die voorsiening van 'n geskikte herderspaar vir ons gemeente en groot is Sy Raadsplan, want op 14 Mei word ds Johan Cronje en Toetsie hier bevestig! 'n Sonskynegpaar wat hul Christenskap bely, uitLEEF en ons mense dadelik in warme liefde omvou. Nodeloos om te sê dat die gemeenskap alle dank aan Hom wil bring vir Sy wonderlike voorsiening en ons is so entoesiasties oor die toekoms saam.

Die Vroueaksie floreer op al die terreine waar hul betrokke raak. Die pastorie word van hoek tot kant skoon en nuut gemaak met die finansiële hulp van die kerkraad. Na die afskeidsete van ds Jimmy sorg die dames weer vir die innerlike by die ontvangsete van die Cronje's. Ons nuwe herderspaar verjaar ook sommer gou daarna en dis weer 'n heerlikheid om om die kostafels saam te kuier. Ons dames trakteer die afgevaardigdes na die Ringsitting wat by ons gehou is, met keurig gedekte tafels, tee, verversings, middagete en 'n kospakkie vir die langpad terug. Soos tradisie is, bedien die wyke sop en toebroodjies na elke Pinksterdiens en sorg ook Sondae vir tee na afloop van die eredienste. Die verskaffing van verversings elke maand by die vendusie (ons werk in wyke saam), is ons hoofbron van inkomste; die lokaal is verlede jaar deur hul direksie nuut en gerieflik verbou vir hierdie doel en ons rus dit tans toe uit ons fondse met toebehore wat ons werksaamhede daar vergemaklik. Ons dank aan die kerkraad wat vir ons 'n bedrag bewillig waarmee ons elke jaar kan woeker.

Na aanleiding van ons Vroueaksie se versoek, is lugversorgers in die kerk aangebring met fondse wat geskenk is. In September word Huis Louis Swanepoel te Stella besoek en skenk ons aan hul kleinkoekies en toiletware wat ingesamel is. Ons het met Kersfees barmhartigheid betoon deur die verskaffing van kospakkies aan behoeftige gesinne en voorsien tans lewensmiddele aan spesifieke persone in die gemeente wat nood ondervind, besoek word aan siekes en bejaardes gebring en ons neem op tasbare wyse afskeid van vriendinne wat ons gemeenskap verlaat. Totdat ons 'n nuwe Bybelstudie program begin, het ons leraarsvrou begin met 'n werksgroep elke tweede week: jy bring die

handwerk waarmee jy besig is en kom ontspan vir ‘n uur of twee saam met vriendinne. Dis ‘n heerlike uitlaatklep, daar word raad gegee, planne uitgeruil, geklets en figuurlik batterye gelaai – ons gaan dit ons “Prozak” oggend noem!

Alles het mos ‘n naam...dus was dit onvermydelik dat ons jaarlikse fees ook ‘n naam sou kry... Kameeldoringfees! Dit pas so reg by ons plekkie: die Kameeldoringboom is mos die koning van die bome, en tussen hulle het ons in Augustus dankfees gehou ter ere van ons Koning. En proe mens in hierdie naam nie sommer die mooie Bosveld-atmosfeer van ons kontrei nie? Die Kameeldoring bekend vir sy koelte, skadu en rustigheid...so sal verbygangers ook skadu en rus kom vind by ons gemeentefees. Die Kameeldoring staan mos stewig en sterk geanker vir baie jare, deur droë en nat seisoene, deur hitte en koue...so sal ons fees met Sy seën ook vele seisoene kan deurstaan. Dit was ‘n geseënde dag van gewillige hande en oop harte. Afval, sosaties, wors, pap en kaiings, pannekoek, melkkos, poeding, vleisverkope, naaldwerk, gebottel, boeke, koffiekroeg, snoepie, musiek, speletjies uit toeka se dae en boeresport wat vir baie pret gesorg het.

Vir die eerste keer het ons vooraf “gees gevang” met ‘n Bybelvasvrae: 6 spanne met spandrag en kreet kompleet, het met ds Johan se vrae oor Paulus se sendingreise meegeding – groot pret! Die aand voor die fees is ‘n toneel-musiekblyspel opgevoer deur die gemeentes van Lichtenburg oor “Jesus se lewe op aarde” – ‘n roerende belewenis! Die 50 deelnemers het by ons aan huise tuisgegaan en so is bande van vriendskap ook gesmee.

Geestelike pitkos ontvang ons soos volg: Februarie motiveer Hannetjie Pretorius van Roodepoort ons en ons gades dat ons opnuut besef hoe uniek ons elkeen voor Hom is, uit miljoene spermselle het Hy die een bepaal wat JY sou word! April laat een van ons dames, Ria Swanepoel, ons onsself evalueer om te weet watter persoonlikheidstipe jy is. Na aanleiding van Bybelse persoonlikheidstipes kan ek myself nou beter verstaan asook weet hoekom “Sarie” en “Bessie” optree soos hul optree...want Hy het ons elk so uniek geskape. Junie maak prokureur Danie Olivier van Lichtenburg ons weer attent op die belang van testamente en boedelbelasting. Augustus praat een van ons senior inwoners, Danie Spreedt (toegewyde Christen en oud-lektor in plantkunde), oor “God en Evolusie” en heerlik om te weet en te glo Hebr

11:3 “Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is...” en Mark 10:6 “Maar van die begin af, van die skepping af, het God hulle man en vrou gemaak”.

Op 5 September hou ons ‘n eerste Lente-sangdiens met ons eie nuwe mannekoor spesiaal vir die geleentheid, November sluit ons die jaar af met reorganisasie, Kerssangdiens en gemeente ete.

Mareetsane bly in alle afhanklikheid nederig dankbaar voor Hom, oor al die seën vir ‘n pragtige landbouseisoen, genade in moeilike finansiële omstandighede wat soms in ons gesinne heers en welwillendheid in ons gemeenskap. Mag ELKE dame in ons Ring koersvas oppad bly, omdat die liefde van Christus haar dring! Kom ons dra mekaar!

Mareetsane groete
Thea du Rand

Carnarvon :

Die gemeente van Carnarvon het die afgelope jaar deur baie veranderinge en aanpassings gegaan:

- Ons gemeente het afskeid geneem van dr. en mev. Keller ons leraarspaar wat ons vir die afgelope 17 jaar bedien het. God se seën hulle toegebid op hulle pad vorentoe.

- Ds. Rochè Heyns het ons vir drie maande bygestaan tot die proses van beroep van ? nuwe laraarspaar afgehandel was. Ons dank ook aan hom vir sy liefdevolle en getroue diens hier.

- Ds. en mev. van Heerden, ons nuwe leraarspaar, is op Sondag 2 Mei in ontvangs geneem. Hulle is met warmte en hartlikheid in die gemeente van Carnarvon verwelkom. Hy en sy vrou se prioriteit is tans om die gemeentelede persoonlik te leer ken deur saam huisbesoek te doen.

Ds. Van Heerden het die pinkster gelei en die boodskap was *Kom ons bou saam.* Die pinkster dienste is baie goed bygewoon en na afloop van

die dienste het die gemeente saamgekom en sop en toebroodjies in die gemeentesentrum geniet.

Atlete vir Christus het ons gemeente op Sondag 11 Julie besoek. Hul is met groot gasvryheid ontvang.

Daar is verskeie bybelstudiegroepe in ons dorp waarvan 2 deur die leraar gelei word.

Een keer per maand word daar wykskerk op Sondaemiddae gehou, ds roteer tussen die wyke. Verskeie wyke is betrokke by ons bejaardes in die tehuis. Hulle doen besoeke, neem bejaardes uit en verrig takies vir hulle.

Die vrouediens het hierdie jaar vroue uit verskillende denominasies genooi na ons vergadering in Februarie, en saam het hul die Wereldbiddag vir vroue beplan. Laasgenoemde het baie goed verloop, was goed georganiseerd, maar is egter baie swak bygewoon.

Die voorsitter, van die vrouediens, het saam met ons ACVV voorsitter die verskillende kleuterskole van die ACVV binne ons dorp besoek. Met haar terugrapportering aan die vergadering het sy ons meegedeel dat die kleuterskole baie goed funksioneer en alles in ? uitstekende toestand is ten spyte van die feit dat fondse baie min is. Die vrouediens het onderneem om skryfbehoeftes, klere, kos, speelgoed en skoonmaakmiddels in te samel.

Daar is ook projekte by die plaaslike SAPD en hospitaal waar skenkings soos ? waslappie en sepie gevra word vir die gebruik deur slagoffers van mishandeling en verkragting. Babakleertjies word gevra vir nuwelinge van moeders met geen middele nie, hierdie kleertjies word dan by die hospitaal gehou.

Wol en penne is by plaaslike spreekkamer en haarsalon neergesit, terwyl persone wag kan ? blok gebrei word. Hierdie blokke word dan later aanmekaar gewerk vir kombersies vir behoeftiges. Die vrouediens lede het ook die VLV gehelp met die brei van ‘vigstruitjies’.

Die nuwe leraarsvrou mev. van Heerden is verkies tot voorsitter van die vrouediens. Die vrouediens het besluit om eerder te fokus op ? projek vir die jaar en het besluit dat diens aan die bejaardes prioriteit sal geniet, spesifiek aan bejaardes wat nog privaat woon. Daar word ook ? bejaarde kerstee beplan vir Desember, me. Antionette Pienaar sal as spreker optree by die geleentheid.

Ons beoog ook om ons paar kinders en jong mense meer te betrek, byvoorbeeld deur ? kwartaalikse middag vir hulle te reel.Op die oomblik is dit net die kleuterkerk en kategese wat aangebied word vir die jeug.

Die vrouediens het ? *bring brons insamelingsprojek* begin waar die gemeentelede gevra is om alle brons geld te skenk.Ons het ook besluit om te begin met die aflewer van verjaardagkaartjies vir persone bo 75 jaar sowel as simpatie en beterskap kaartjies. Tans is ons besig met die voorbereidings vir ons jaarlikse basaar.

Ons probeer ons bes en het baie om voor dankbaar te wees, maar wil tog voorbidding vra vir kwynende getalle van die vrouediens in die platteland. Ten spyte van die feit dat ons maar min is, is die belangstelling nog minder veral onder die jonger vroue.Dit sou gaaf wees indien die ander plattelandse gemeentes met ons kan deel hoe hulle, hulle getalle uitbou.

Ons gemeente se strewe is om by die wil van God uit te kom, in gehoorsaamheid te leef en so die eie ek te verloën.

Vriendelike groete in Christus.
Korrespondent Carnarvon.

REIVILO

GEBED

AFHANKLIKHEID VAN GOD:

Gebed is 'n erkenning en uitdrukking van die gelowige se afhanklikheid van sy Skepper. In die gebed word gevra, en wie vra, erken sy eie verleentheid, sy eie behoeftigheid en afhanklikheid van die Gewer tot wie die versoek gerig word.

Elke onderdeel van die gebed is ten diepste 'n belydenis van die bidder se afhanklikheid. Of ons God nou loof of aanbid of dank of smeek, die ondertoon van afhanklikheid is altyd aanwesig. In die gebed sê ons saam met Asaf: *"Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as u nie." Ps 73:25)*

Die liedere wat ou Isreal op hulle bedevaarte (gebedstogte na Jerusalem) gesing het, is 'n studie in belydenisse van afhanklikheid. Of dit nou die bedreiging van bedrieërs is (Ps.120) of die gevare van dei reispad (Ps 121) of die woede van die viand (Ps 124) wat die mens benoud maak – elke keer word die oë maar weer na die berge opgeslaan, na Hom wat in die hemel troon en van wie alleen hulp verkry kan word. As die Here die huis nie bou nie, as die Here die stad nie bewaar nie, is alles tevergeefs.

Die ware gebed: hierdie belydenis voor die Here van **hoe arm** obns lewe sou gewees het as Hy nie **vir ons** was nie.

WAAROP VERTROU ONS?

Wanner ons in die Here se werk op ons organisasie verrou, kry ons wat ons organisasie kan doen.

Wanneer osn op die opvoedkunde vertrou kry ons wat die opvoedkunde kan doen.

Wanner ons op invloedryke mense vertrou, kry ons wat invloedryke mense kan doen.

Wanner ons op geld vertrou, kry ons wat geld kan doen.

En… wanneer ons op die Heilige Gees vertrou, kry ons wat God kan doen.

'n Groot leemste was gelaat deur die ontbinding van die eertydse VROUEDIENS in die gemeente Reivilo. 'n Poging om die wiel van ywer en volhoubare volharding met gemeente aktiwiteite weer aan die gang te kry, is 'n komitee gekies uit die jongere dames, wat genoem word "VROUE LESSENAAR" in plek van "Vrouediens"

Groeipyne word ondervind – ons bid hulle krag en voorspoed toe, om alle verantwoordelikheid in plek te kry. Baie van die aktiwiteite van die vrouediens het voortgegaan onder die vaandel van die verskillende kerkraad kommissies.

Die nuwe en ywerige jongerspan prober weer die hele Vrouelessenaar aktiwiteteite ko-ordineer, sodat die gemeente vroue-aksies in die gemeente kan herleef.

Koersvas op pad want die liefde van Christus dring ons.

S. Liebenberg.

*** *** ***

DANKBAARHEID:

Daar om te geniet,
En tog moet nooit vergeet wod
Waar die saad vandaan kom;
Waar die kiemkrag daarvan lê nie.
Moet ook nie vergeet
Om bly te offer nie –
Minstens die tiende
Van die oes...

(Eug. Laridon)

BOODSKAP VIR MATRIKULANTE

VLERKE-SPREI-TYD…

Dis die ritme van die lewe... elke jaar eindig en sluit af soos die vorige ... elke nuwe jaar begin soos die vorige... Maar een more besef jy dat dit wat vir jou nog 6 jaar in die toekoms sou lê, is meteens hier: met 'n kleine onseker handjie in joune, gee jy die eerste tree met jou Gawetjie van Bo oor die juffrou se klasdrumpel. "Hier's hy, juffrou. Kyk mooi na hom". Wie sal die traantjie vergeet? Was dit my angs, was dit my bekommernis, was dit my alleenheid (al is daar nog kinders by die huis), was dit my onsekerheid oor my kind se vermoëns, was dit my trots?

En die ritme van elke jaar raak jy gewoond... tot die dag te gou na twaalf jaar aanbreek en hy die laaste vraestel afsluit: "Dankietog, ma, ek's klaar met skool!" Binne twee maande is die tas gepak, vol nuwe klere, vol nuwe drome. Van die platteland af, draai ons die motor se neus groot stad toe: oudste gaan studeer. Weer gee jy die tree saam met hom oor die koshuis se drumpel. Hierdie keer steek hy nie sy hand in joune nie, want hy's "groot" en hoe sal dit dan nou lyk! Met 'n handwuif van beide partye, draai jy om... Wie sal die traantjie vergeet? Was dit my angs oor die onbekende vir hom, was dit my bekommernis dat hy sou aanpas, was dit my alleenheid al het ek geweet hy kom die end van die maand huis toe, was dit my onsekerheid oor my kind se standvastigheid in 'n deurmekaar stad, was dit my trots dat my kind dit tot hier kon bring? Die wêreld aan sy voete?

Ek noem hierdie fase sommer die "vlerke-sprei-tyd". Liewe Mamma, as jy so geseënd is om 'n kindjie van Hom te kon ontvang, dan is hierdie dag onvermydelik! Jou kind MOET sy vlerke sprei! Die Engelse spreekwoord sê: "There are so many ways to fly; don't be caught with unused wings!" Ja, liewe Mamma, jy wil mos tog eintlik hê dat jou kind ook moet vlieg, goed vlieg, sterk vlieg, hoog vlieg. Hoekom ons dit met "vlieg" assosieer weet ek ook nie altyd nie, want mensekinders loop of hardloop mos net. Dalk is dit omdat die vlug van 'n groot voël hoog bo soveel magiese inhou, dit so idillies lyk, so asof dit maar net perfek kan wees, ongekompliseerd. Dan onthou ek dat die Here in Sy Woord ook die beeld van die arend gebruik: Deut 32:11-12 - Hy sê soos die arend sy fladderende kuiken vang

wat die eerste keer sy nes verlaat en oor die groot dieptes van die afgrond die sprong moet vat om “groot” te kan word en te kan vlieg, SO sal hy my ook lei. Is dit nie ongelooflik groot nie? Is Sy Liefde nie onbegryplik groot nie? Wat vrees ek en jy dan, liewe Mamma? Waaroor is ek en jy bekommerd?

Jou kind is veilig in die Heer se hande. Ons dra hom of haar mos elke dag op aan Sy troue sorg. Hy weet die beste. Trouens Hy KEN alreeds die pad! Wees trots op jou kind wat die geleentheid kry om sy vlerke te kan sprei, hetsy te studeer of te werk; maak hom of haar wel deeglik bewus daarvan dit dit ‘n besondere voorreg is wat nie almal beskore is nie; dat hy of sy die tyd moet uitkoop en streef om die beste uit hom- of haarself te haal as danksegging aan Hom vir hierdie voorreg. Gee jou kind al die ondersteuning in die eerste sprong uit die “nes”, gun hom of haar die geleentheid om op ‘n duisend reënboë te kan dans en inspireer jou kind om met passie te leef vir Hom een dag op ‘n keer. “The really lucky people do not necessarily have the best of everything. They are the ones who make the most of whatever life throws at them”.

Mamma, die aand voor jou kuiken jul nes verlaat, ”tuck him or her in tighter”, kyk hoe hy of sy aan die slaap raak en bid tot die Heer om met hom of haar te wees elke tree van sy vlug....

Ook ‘n mamma,
Thea du Rand

	STERKTE AAN AL ONS MATRIKULANTE MET DIE EIND EKSAMEN. Onthou: Lees 3 maal Dink 2 maal Skryf 1 maal

KOM ONS LEES

Nog 'n Rimpels-DVD van Mema - Media

Hittebestand ... teen slegs R69,95 (BTW ingesluit)

God het 'n vreemde manier van werk met elke mens. Hy laat toe dat daar dinge oor ons pad kom om onsuiwerhede uit ons lewe te verwyder. God se louterproses gaan dikwels met erge hitte gepaard. Waarskynlik maak dit ons meer aanvaarbaar, elegant, afgerond en diensbaar

Keuses wat jou iets kos … van Jaco Thom teen slegs R40,00 (BTW ingesluit)

'n Ses-weke-Bybelstudie oor Rut en Boas – Spesiaal vir kleingroepe

Om 'n navolger van Jesus te wees, ook in die gewone gang van die lewe, kós jou. Dit is een van die temas van Rut. In dié Bybelboek lees ons van gewone mense wat in die alledaagse dinge hulle geloof op 'n besondere manier uitgeleef het. Húlle wys vir jou dat geloof in God jou lewe verander omdat dit jou laat uitreik na die mense rondom jou.

Lees in die Oktober-uitgawe van LIG …

Voorblad: Sielsusters om die teetafel

Sommige susters is gelukkig om beste vriendinne te wees, sal iemand wat wéét, jou kan vertel. Nadia en Natasha Valvekens is onder hierdie gelukkiges. Die besondere band wat hulle met mekaar het, spel dit uit: Hulle is nie net susters "op papier" nie, maar sielsusters.

Ontmoet ook vir:

- **Danie Niehaus** in sy Bosteater
- **Rudi en Corlea –** die land se lieflinge
- Karen Kingsbury **– koningin van Christelike fiksie**



Vir die gesin skryf ons oor …

Mamma het borskanker

Die knop in haar bors het ’n week later ’n diagnose geword: borskanker. Wat daarna gevolg het, was vir haar en haar gesin soos ’n rit op ’n wipwaentjie. Hulle het geen beheer daaroor gehad nie.

EN …

- **Huisreëls:** pyn of pantser?
- Liefde word só gespel: **r-e-s-p-e-k**
- Hoera! vir die **tandemuis**
- **Jong volwassenes** en hulle “moeilike stadium”
- **Disleksie:** My slim kind lees vrot
- Vertrou weer na ’n **affair**

Wat doen 'n ouer as sy kind vir hom 'n vreemdeling geword het? Sommer net moeilik is? Of selfs die spoor byster geraak het? Soek hy die fout by homself? By die samelewing? By sy kind? Maretha Maartens neem ons terug na die kraaminrigting - waar alles begin het ... En ons loop weer die paadjie saam met ons kleuter - tot waar ons vandag met ons vervreemde kind staan... Tye hèt verander, dis waar. Maar sekere dinge bly steeds dieselfde...

OKTOBER/NOVEMBER UITGAWE VAN DIE PIENKBOEKIE:

Hierdie is ons Kersuitgawe.

Ons vra asb dat ons bydraes kry vanaf Al die *ELF* Ringe van die Noordkaap. Al het julle nie meer 'n "amptelike Vrouediens" nie is julle welkom om vir ons artikels te stuur. Ons wil graag hoor hoe dit in julle gemeentes en wil graag hoor van jul Kerssangdiens ens.

Verder gaan daar ook iets wees vir ons kinders wat die huis verlaat.

Artikels kan gestuur word aan:

Janetta du Preez

Epos: jasnet@vodamail.co.za

Sel: 0824949536

Sperdatum vir bydraes is:

29 Oktober 2010

Dankie vir almal se bydraes wat ons deur die jaar ontvang het.